

15 April

Skrifgedeelte: Psalm 1 en 2

### 'n Lewensweg waarop die Here gedien word

Op Paassondag, die opstandingsdag van Jesus Christus, is die boodskap wyd en syd verkondig: *Die Here het opgestaan, Hy lewe!* Die Here Jesus is 'n lewende Here wat inderdaad in ons lewens moet leef.

Psalm 1 handel oor die skeidslyn wat dwarsdeur die geskiedenis van die mensheid loop, naamlik die skeiding tussen die goddelose en die regverdige. Die goddelose word geteken op sy pad van ondergang. Dis 'n pad wat doodloop in die kring van ligsinnige mense wat spot met God (OAV). Goddelose mense smee selfs planne teen God (2:1). Goddeloosheid lei tot verpletterende vernietiging wanneer die sonde die sondaar soos 'n kleipot flenters breek (2:9). Die goddelose wat ligsinnig met God spot, word uiteindelik die voorwerp van God se spot. Kan daar iets ergers wees as dat die Here vir mense en hulle planne lag (2:4)?

Hierteenoor staan die gelowige wat deur God op sy pad gelei word. 'n Regverdige is 'n mens wat sy lewenswortels ingrawe in die Woord van God. Met vreugde oordink hy God se Woord. Dit gaan goed met die mens wat behae daarin vind om God te ken uit die Woord; wat vreugde daarin vind (1:2); God met ontsag dien (2:11) en met eerbied aan God onderdanig is (2:12). Dit gaan goed, dáárin dat hy *omvou word deur God se liefde* (Ps 32:10). Selfs al gaan ons lewenspad deur die donker dieptes van die dood, dan is God nog met ons en skuil ons by Hom.

Jesus Christus, die opgestane Here, is deur die Heilige Gees by ons, en Hy woon elke dag ook in die lewe van die gelowige. Dit gebeur telkens wanneer die Woord alleen die pasaangeër van ons geloofspolsslag is.

Sing: Psalm 1:1,4

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)